# NUUSGENOOT

Moenie wonder nie, weet!

Nuusbrief van die ATKV | Oktober 2021

# WENNERS NET WAAR JY KYK!

As daar nou een plek is waar Afrikaanse uitblinkers sedert 1930 beloon word, is dit die ATKV. Dis dié gesogte toekennings wat trots pryk teen mure in studeerkamers en in trofeekaste.

Dié maand was dit weer tyd vir die ATKV-Tienertoneelfinaal, en ten spyte van die ongewone en uitdagende omstandighede waarin ons ons tans bevind, het die deelnemers se talent weer eens verbyster!

Neil Sandilands en Arnold Vosloo - en sommer Charlize Theron ook – wees gewaarsku: een van die dae gaan die A-lysrolle opgeraap word deur dié nuwe sterre.

'n Paneel swaargewig beoordelaars moes behoorlik kopkrap om die wenners van die gesogte ATKV-Tienertoneelkompetisie aan te wys, want die talentvolle klomp tieners het met hul passie die verhoog behoorlik aan die brand gespeel.

Dié gesogte finaal het plaasgevind vanaf 6 tot 9 Oktober in Kaapstad by Kunstekaap, wat ook vanjaar sy 50ste bestaansjaar vier. Die beste jong toneeltalent is tydens 'n spogprysuitdeling op 9 Oktober aangewys. Voornemende deelnemers van ATKV-Redenaars kan solank regskuif - die temas vir 2022 is pas bekendgemaak en beskikbaar in NUUSGENOOT.

Trek jou navorsingsbronne nader, wees kreatief en kom boul ons uit met jou standpunt.

Ons vier ook 'n formidabele wenner - Genevieve Croeser van Parys in die Vrystaat is onlangs as die provinsiale wenner van die ATKV se senior olimpiade vir Afrikaans Huistaal aangewys. 'n Waardige wenner inderdaad!

Dis eers al vir nou. Geniet die warmer weer en ons gesels gou weer.

Lekker lees vrinne!



Klik hier vir al die wenners van die ATKV-Tienertoneelfinaal 2021.

## Roer!

### WOES LEKKER KOFFIE

Daar is min dinge so verruklik soos die geur van vars gemaalde koffiebone en min van ons kan ons dag begin sonder 'n heerlike koppie boeretroos.

Nou kan jy steeds jou koppie koffie geniet, maar terselfdertyd jou deel vir liefdadigheid doen en help om 'n kind skool toe te stuur.

Die ATKV se woes lekker koffie Roer! is heerlike koffie (gemaal of bone) en met elke aankope van hierdie koffie kan jy dit vir die ATKV moontlik maak om deur middel van die Skoolhulpfonds hulp aan behoeftige gesinne te verleen.

Die ATKV wil met sy ATKV-Skoolhulpfonds hulpbehoewende leerders help om hulle drome te bewaarheid en hulle bystaan met onder meer skryfbehoeftes, skooluniforms en skoolfooie.

"Daar is nou meer as ooit baie gesinne daarbuite wat uitdagings die hoof moet bied as dit kom by die betaling van skoolfondse en die aankoop van addisionele artikels wat leerders in 'n skooljaar benodig," sê Elda Kruger, streeksbestuurder by die ATKV.

Lees HIER meer.

Onthou om ook 'n draai te gaan maak op die ATKV se webwerf en/of sosialemediaplatforms.

# Elzabé Zietsman
## pryk op Taalgenoot se voorblad!

In die Lente-uitgawe van Taalgenoot pryk niemand anders nie as die nimlike Elzabé Zietsman op ons voorblad nie. Sy gesels oor haar nuwe passie vir pienk, die verlies van haar restaurant en haar planne vir die toekoms.

Ons maak 'n draai by die "vader van die nuwe Afrikaanse lied" Anton Goosen en raak nostalgies oor sy bydrae tot die Afrikaanse liedjieskatkis. Is jy 'n orgaanskenker, lees gerus ons artikel oor die grootste geskenk wat jy kan gee. Het jy geweet ATKV-DigiToneel is eersdaags op die kassie? Lees meer oor dié VIA TV-program, Gekies vir die Kollig. Die Goudstad se boekboere nooi Taalgenoot ook in hul huis (of eintlik biblioteek) in. na ATKV-DigiKUNS se wenkunswerke.
Geniet dit en nog vele meer HIER.
**EN ONTHOU:** Indien jy as ATKV-lid Taalgenoot gedruk wil ontvang, stuur 'n e-pos na MartieB@atkv.org.za.

# BLINDE VRYSTAATSE MATRIKULANT WEN PROVINSIALE ATKV-OLIMPIADE



Min van ons kan onsself 'n wêreld voorstel waar jy van jou sintuie beroof is.
Dit kry egter nie vir Genevieve Croeser van Parys in die Vrystaat onder nie.

Dié matrikulant van die Hoërskool Parys is sedert geboorte blind, maar sy is onlangs as die provinsiale wenner van die ATKV se senior olimpiade vir Afrikaans Huistaal aangewys.

"Die feit dat ek nie kan sien nie, het my nog nooit ondergekry nie. Ek dink nie aan my blindheid as 'n gebrek nie. Ek probeer so normaal as moontlik te lewe en doen alles wat my skoolmaats doen."

Sy sê sy kan steeds nie glo dat sy die wenner is nie.

Klik hier vir Genevieve se inspirenede storie van hoop en uithouvermoë.

"Dit is 'n groot voorreg. Ek het dit glad nie verwag nie. Die vraestel was lank en ek het nie gedink ek sal wen nie."
Lees HIER meer.




**Die temas vir ATKV-Redenaars 2022 is bekend. Trek jou navorsingsbronne nader, wees kreatief en kom boul ons uit met jou standpunt.**

Huistaal
Graad 1 tot 3
**Ore**
**Groei**
**Storie**

Huistaal en Addisionele Taal
Graad 4 en 5
**Boeke**
**Patrone**
**Groen**

Huistaal en Addisionele Taal
Graad 6 en 7
**Humor**
**Digitaal**
**Applous**

Huistaal en Addisionele Taal
Graad 8 en 9 (Voorbereid)
**Krake**
**Gids**
**Erfenis**

Huistaal en Addisionele Taal
Graad 10 tot 12 (Voorbereid)
**Keuses**
**Grense**
**Maatstaf**

Laai 'n PDF-dokument met die temas hier af.